DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

WARE GELUK?

Dit is die tweede uitgawe van hierdie jaar en almal is besig om te studeer (ons hoop so!) of te werk. Sterkte aan al ons matriekulante, eerste jaar studente wat herstel na ontgroening, almal wat swot en ons hardwerkendes, ons dink aan julle! Baie is gelukkig met hulle goeie punte, na ‘n lekker vakansie of met sy ou/meisie(!), maar wat is ware geluk?

Geluk wat deur God gegee word. Daarom het ons besluit om ‘n reeks stukkies te plaas oor die saligsprekinge. Salig is die hoogste vorm van geluk. Ons geluksaligheid (as burgers van die koninkryk van die hemele) sal in vier dele behandel word, en sal vir interessante leesstof sorg.

Die nuwe jaar bring nuwe uitdagings, probleme en vrae wat deur die loop van hierdie jaar aangespreek gaan word in artikels wat die onderwerpe vasvat. Met almal se insette (dit sluit reaksies ook in!) en God se seën sal die blad hierdie jaar ‘n groot sukses wees en almal versterk in hul daaglikse stryd. Ons wil ook almal aanmoedig om die hele blad gereeld te lees want anders mis julle verseker uit!

Die *Olielamp* redaksies is lus vir hierdie jaar en julle kan verseker wees dat die duidelike blad puik artikels vanjaar aan die leser gaan gee! Laat ons in hierdie bedorwe wêreld die sout van die aarde wees (Matt. 5:13) en die lig van die wêreld.

Namens die Kaapse Redaksie
Jaco

INHOUD

Uit die Woord
Gelykenisse 2
Saligsprekinge 3

Oppad
Sewende gebod 4
Rook 5
Vuur en water 6

Voel jy ook so?
Rassisme 7
Fliek 9
"en bedroef die Heilige Gees nie" 10

Sosiaal
Deur die sleutelgat 11
Bagatel 12
Studie rigtings - eerstejaars 13

Ander
Boekresensie: Queen of the reformation 15
Gedig: Tuin 15

HOEKOM GELYKENISSE? (MAT.13:10-17)

Inleiding tot reeks artikels oor die gelykenisse van Christus Arjan van Houwelingen

Die dissipels se vraag (vs.10)

Hoekom het die Here gelykenisse gebruik, as Hy baie duideliker kon wees deur gewoon letterlik te sê wat Hy bedoel? Ook die dissipels het met hierdie vraag geworstel. Wil die Here met opset sy evangelie so ingewikkeld maak, sodat dit vir die meeste mense onverstaanbaar en duister is? Wat doen ons dan met tekste soos: *"Ek het in die geheim nie gespreek nie"*(Jes. 45:19) en *"U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad"* (Ps.119:105)?

Christus se antwoord (vs.11-15)

Christus antwoord dat die skare Hom nie verstaan nie, omdat hulle die geheimenisse van die Koninkryk nie ken nie. Hulle is wel nuuskierig wat Christus, die wonderdokter of profeet, nou weer te sê het, maar hulle sien nie raak dat hulle met die groot Koning,die Christus, te doen het nie. Daarom verstaan hulle ook nie hoe belangrik alles wat Hy sê is nie, en daarom doen hulle ook nie regtig moeite om Hom te verstaan nie.

So kry Christus dit reg om deur die gelykenisse die volk te skei. Die wat nie werklik in Hom belangstel nie, raak steeds meer verward deur sy woorde. Hulle hart word stomp, hulle ore hoor steeds slegter en hulle sien steeds minder (vs.15). Maar die wat ernstig is oor wat Hy sê, word gedwing om nader aan Hom te kom om uit te vind wat Hy bedoel. So sal hulle dan ook steeds meer van Hom leer en agter kom dat hulle met hulle Verlosser te doen het, en gered word. Daarom sê Christus ook in vs.12: *"Want Hy wat het, aan hom sal gegee word, en hy sal oorvloed hê, maar hy wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het."*

"Maar julle oë is gelukkig omdat hulle sien, en julle ore, omdat hulle hoor"(vs.16)

Nadat Christus dit alles verduidelik het, wys Hy sy dissipels daarop hoe gelukkig hulle is om Hom te mag ken, sy optrede van naby af mee te mag maak, en om sy woorde te mag hoor en te kan verstaan, baie gelukkiger as baie konings en profete wat voor hulle geleef het (vs.17).

Ook ons mag onsself gelukkig noem. Ons het die hele Bybel gekry waarin God sy volle verlossingswerk uiteengesit het. Hy het sy Heilige Gees gestuur, wat ons harte verlig sodat ons sy Woord kan glo en verstaan. Ook is daar baie boeke en artikels geskryf om ons nog meer te help in die opbou van ons geloof.

Hierdie voorreg dra ook 'n verpligting. As ons die genade van God "weggooi" sal ons straf

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Sekretaresse: Annemarie de Vente
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting & Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

groter wees as die van die mense wat Hom nooit geken het nie. Christus sê ook vir Kapernaüm wat so baie redes tot bekering d.m.v. wonders ontvang het, maar hulle tog nie bekeer het nie, dat hulle straf groter sal wees as die van Sodom en Gomorra. Laat ons daarom ook moeite doen om die geloof te behou en nie alles as vanselfsprekend te aanvaar nie.

"SALIG IS DIE..."

Eerste van reeks artikels oor die Saligsprekinge

Erik-Jan Moes

Matthéüs 5:3-4

Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
Salig is die wat treur, want hulle sal vertroos word.

Kom ons kyk eers na die betekenis van 'n paar terme. Die woord "salig" of "welgeluksalig" soos Jesus dit hier gebruik, het 'n diep betekenis. Dit het te doen met blydskap en gelukkigheid, maar behels nog veel meer as dit omdat dit te doen het met die verhouding waarin die mens tot God te staan gekom het. Miskien kan ons die betekenis die beste toelig uit Ps. 32. Daar vertel Dawid van 'n sware las van sonde wat hy geheim gehou het in sy hart, maar wat sy gees en selfs sy liggaam van binne verteer het.

Deur sy nood gedryf, besluit hy om sy sondes voor God te bely. Dit doen hy en ondervind tot sy groot vreugde dat God die sondes vergewe. En noudat hy van die sondes bevry is, bemerk hy dat God hom ook innerlik vernuwe het. Daarom sing Dawid: **"Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. Welgeluksalig is die mens aan wie die Here die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie."**

So iemand, sê Dawid, is **"bly in die Here"** (Ps. 32:11), maar nie net vir 'n tydjie nie, maar vir ewig. Hy het in die Here 'n nuwe lewe gevind, en het 'n blydskap deelagtig geword wat nooit van hom ontneem kan word nie. Daarom is hy **"salig".**

"**Koninkryk van die hemele"** beteken nie dieselfde as die hemel nie. Dit dui op 'n gebied wat God onder die gesag van die hemel stel. Dit is 'n ryk van die hart. Dit staan oop vir almal wat deur die **"nou poort"** van geloof, bekering en lewensvernuwing toetree.
"Arm van gees" dui op mense wat roep om die genade van God, wat 'n diep besef het van totale armoede en skuld voor God.

In 'n reeks van agt saligsprekinge verklaar die Here hoedanige mense die kinders van die koninkryk is. Die kwaliteite wat by die godsdienstige Jode so hoog aangeskryf gestaan het, naamlik om kinders van Abraham en regverdig volgens die wet te wees, is hier van geen belang nie. Dit gaan om 'n innerlike gesteldheid wat vir die Here welgevallig is, en op grond waarvan 'n mens **"salig"** genoem word.

Ons het as mense 'n verlede van skuld opgebou. Herstel van geluk vereis groei van berou en vertroue. Geluk van God kan net afgebedel word, en dis alleenlik vir mense wat die geluk nie meer by hulself soek nie. Die pad na die hemel loop langs sekere bakens, nl. nederigheid voor God en naasteliefde. Jesus beskryf die kondisies (arm van gees en verdriet) nie as 'n hindernis waaroor ons moet kom nie, want ons sal geluk al tydens hierdie toestande vind. Die herstel het begin en God sal sorg vir volkome genesing.

Boek gebruik:
Handboek Bybelse Geskiedenis Die Nuwe Testament (Prof. Dr. E.P. Groenwald)

DIE SEWENDE GEBOD

Theo de Vries

Is die sewende gebod nog enigsins aktueel vir ons vandag ? Ons oortree mos nie meer die sewende gebod nie ? Kyk maar hoe min gevalle van egbreuk in die kerk voorkom. En ek self kan dit mos nie oortree nie, want ek is mos nog nie getroud nie ? As jy sò na die 7e gebod kyk sal die werklikheid hard wees: Jy oortree elke dag nog die sewende gebod en daarmee saam is jou benadering tot onderhouding van God se wet ook nog verkeerd. Indien jy dit sou kon onderhou, hoekom word die gebod nog aan jou voorgehou ? Daar is dus baie meer in die gebod as wat met die eerste oogopslag sigbaar is.

In Sondag 27 vr. en antw. 109 kan gesien word dat die onderhouding van die 7e gebod alle dade, gebare, woorde, gedagtes en luste insluit. Dieselfde boodskap kan gesien word in Mat.t 5:28 wat sê indien iemand na ‘n vrou kyk om haar te begeer, al klaar egbreuk gepleeg het. Spreuke 5-7 handel ook oor die swakheid van die vlees met ernstige waarskuwings teen die verleidelikheid daarvan. Ook daar kan gesien word dat die oorsprong van die kwaad in ons eie hart lê: Spr. 4:23 “ Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.”

Die 7e gebod word nie sonder rede so streng aan ons voorgehou nie. God ken ons swak hart en weet dat die struikeling al begin by die sondige gedagtes. En indien diè gedagtes nie onderdruk word nie, lei dit tot dade en later die dood. ‘n Mens kan nog dink jy is sterk en in beheer, maar dan het die sonde jou klaar in sy greep en doen met jou wat dit wil. En sonder dat ek dit besef begin ek al hoe meer die sonde gehoorsaam en begin dit my lewe te beheer (Joh. 8:34). Eers speel ek met die sonde, nou speel die sonde met my ! ‘n Definitiewe waarskuwing wat die Bybel ons gee vir almal wat op die rand van die afgrond wil loop.

En hoe groot is die aanvalle van die Satan nie op my nie ? Elke dag is daar gedurig aanvalle op my gedagtewêreld, in flieks, televisieprogramme, advertensies, boeke, posters, liedjies, kleredrag, vriendinne of vriende en nog ‘n oneindige lang lys.Ek word uitgelok om seksualiteit in dieselfde lig as die wêreld te sien: ‘n vurige begeerte, intense opwinding met die fokus op die bevrediging van my eie behoeftes en begeertes. En dan word dit nog in ‘n pragtige boodskap aan ‘n liefdesverhaal gekoppel sodat ek kan dink dat dìt liefde is.

Maar nooit word daar gepraat oor die spyt wat kom na die daad, die leë en eensame gevoel as

JY MAG NIE EGBREUK PLEEG NIE

huwelike en lewens uitmekaar geskeur word. Ek verspeel my vrede met God en my gewete en dwaal al hoe verder van Hom af weg. Ja, as ek volgens die wêreld myself vir ‘n paar minute se pret wil oorgee aan my eie gevoel en natuur (my begeertes is volgens die wêreld mos natuurlik, en daaraan moet uiting gegee word ?) dan lei dit tot baie onnatuurlike gevolge.



En dan is daar nog vele wat sê dat die aanvalle van Satan geen effek op hulle het nie, want hulle sal mos nooit seksueel verkeer vòòr die huwelik nie ?! Ag jy jouself sterker en slimmer as Satan ? Hy speel klaar met jou en jy is nie eers bewus daarvan nie ! Sy aanvalle is

meesterlik beplan en hy fokus op jou hart, jou eie sondige natuur. Sy aanvalle kan so subtiel wees, maar so dodelik as jy vir een daarvan val. Hy weet hoe ongelooflik sterk ons seksuele drange kan wees, solank hy jou net tot by diè punt kan kry waar jy nie meer vir jou eie vlees kan nee sê nie. Satan het die troefkaart, solank hy net die regte geleentheid kry om dit te kan gebruik. Hy ken jou swakste plekke en weet dat jy van nature sondig is. Hy hoef nie eers te begin nie, want hy het al klaar gewen.

Daarom is daar slegs een uitweg, slegs een redding. Moenie op jou eie krag probeer fokus en staande bly nie, maar vlug terug na Christus ! Hy is jou enigste hoop. Deur sy Gees verander Hy ons sondige natuur en gee ons die krag om na sy wil te lewe.

En tog gebeur dit dat iemand van ons in die slaggat val. En op almal se lippe is dit : "Sò en sò het saam geslaap !" Voel jy jouself beter as diè twee ? Sal jy spog en trots wees op jouself dat dit nog nie met jou gebeur het het of ooit sal gebeur nie ? Sal jy jouself verhef bò jou broeder of suster omdat jy die genade ontvang het om nie te struikel nie ? En tog sondig jy elke dag in jou gedagtes net soveel, dit is net nie vir almal sigbaar nie. Maar voor die Here lê elke mens se lewe oop, elke tree wat jy gee sien Hy (Spr. 5:21). Hy weet alles van jou. Die volgende woorde geld dan net so goed vir jou : " Gaan dan heen en sondig nie meer nie. Ek veroordeel jou nie. " Joh. 8:11 en ook : " Julle moet nie sondig nie, en as iemand gesondig het, ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir diè van die hele wêreld." Laat ons mekaar in liefde ondersteun en tegemoet kom.

Bibliografie: Maar een keer jong – M J C Blok

SO UIT DIE PERD SE BEK

Om 'n dampie te maak....

Margreet Bron

Die kwessie van rook irriteer almal. Nie-rokers is geïrriteerd met die reuk en die rook en die rokers is geïrriteerd omdat hulle in vrede gelaat wil word met hulle troetelgewoonte of in sommige gevalle: dit waaraan hulle verslaaf is. Tog bly dit nodig om dit wat ons doen aan die wil van die Here te toets en ons lewenstyl so nodig aan te pas as dit in stryd is daarmee.

Die meeste rokers het een ding in gemeen. Hulle wil graag ophou. Die meeste mense reken ook dat dit in 'n mindere of meerdere mate sonde is om te rook. As 'n mens na die feite en statistiek van die invloed wat rook op die liggaam het kyk, kan jy nie anders as om te erken dat dit verkeerd is nie. Dit is direk in stryd met die sesde gebod waar God ons vra om Hom te eer as ons Skepper en daarom die lewe en liggaam wat Hy ons gegee het, baie versigtig op te pas.

Inligting oor rook en die gevolge wat dit vir die liggaam het, is egter iets wat nog nie baie lank bekend is nie. Vanuit die geskiedenis behoort ons dan ook begrip te hê vir die ouer geslag-rokers onder ons. Vroeër, veral in Nederland, was jy nie 'n ware man as jy nie gerook het nie. Selfs kerkraadsvergaderings het in blou gerookte konsistories plaasgevind. Hierdie gewoonte waarby die ouer geslag groot geword het, is intussen as 'n verkeerde, gevaarlike gewoonte bewys. Met die kennis wat ons vandag oor die gevare en gevolge van rook het, is dit nodig dat die mentaliteit verander en die verslawing gebreek word. En alhoewel almal besef dat dit makliker gesê as gedaan is, behoort daar by gelowiges tog die oortuiging te wees dat so 'n verslawing nie bestaansreg onder christene en in die kerk mag hê nie.

As ons dan uit die harde feite van rook kan aflei dat dit sonde is moet ons daarmee ophou en soos

dit met alle moeilike dinge gaan is goeie motivering nodig. B Luiten stel dit so in ‘n artikel in *De Reformatie*: (vry vertaal) “Daar is ‘n baie goeie motivering om deur te druk met ophou rook. Vir ons liggaam is dieselfde prys betaal as vir ons siel. Liggaam en siel is nou Christus se eiendom en die Gees wil daarin woon. Ons word ‘n lewende tempel waar God nie net wil woon nie, maar dit is veral ‘n plek waar Hy gedien wil word. Hou op om te rook uit liefde en dankbaarheid tot jou Heiland.”

Daar is baie mense wat argumenteer dat dit nie so sleg is om paar sigarette per dag te rook nie, dat hulle baie mense ken wat rook en tog baie oud geword het en oënskynlik niks daarvan oorgekom het nie. Ook dat lugbesoedeling in stede so erg is dat dit geen verskil maak of jy nou in die stad woon en of jy 6 sigarette per dag sou rook nie. Dit is egter argumente wat nie water hou nie omdat dit nie is waaroor dit gaan nie. Vir dieselfde geld lê daar hordes mense in klinieke vir wie elke poging tot ‘n asemteug ‘n marteling is. Op geen pakkie sigarette kry jy ‘n waarborg dat dit nie ook jy kan wees wat longsiektes en kwale kan opdoen nie. Dis dus ‘n groot kans wat jy neem en om so met jou lewe te dobbel is onverantwoordelik in die oë van die Here.

Om af te sluit: ‘n vraag waaroor ons kan saamdink. Daar word gestel dat rook ‘n sonde is en dit is sigbaar. Kan ons nou praat van ‘n openbare sonde en is operbare skuldbelydenis daarvoor nodig? Of moet ons van ‘n ‘volksonde’ praat as sê maar 30% van die gemeente rook. Moet die gemeente dan saamspan om ‘n strategie te ontwikkel en mekaar so help om die gemeenskaplike houding oor rook te verander?

Mev W Engelbrecht (*Kompas* jaargang 4/nr10)

VUUR EN WATER

Frans Hagg

Wat is vuur en wat is water? ‘n Mens kan dit uit verskillende oogpunte definieer. Uit ‘n wetenskaplike se oogpunt: Vuur is die ontbranding van suurstof en koolstof en as gevolg van ‘n chemiese reaksie hitte en rook vrystel. Water bestaan uit twee watermolekules en een suurstofmolekule.

Uit ‘n boer se oogpunt: Water is goed vir my landerye en vee. Dit sorg dat dit aan die lewe bly. Vuur is ‘n groot vyand. Dit verwoes die weiding / landerye en diere

Julle begin seker al wonder hoekom ek hier oor skryf. Ek dink almal het al gehoor en gesien van die baie reën wat oor groot dele van ons land geval het. Hoe baie skade aangerig is. En van die groot verwoestende brande wat die Wes-Kaap getref het. Hoeveel skade is nie aangerig nie. Duisende hektare fynbos, ander plantegroei en diere is verwoes. Die lug het by tye soms swart vertoon as gevolg van die baie rook. En dan die kontras. Meer as genoeg reën in ander dele van die land.

Die vraag kom dan by ons op. Hoekom kry die een so genadiglik reën en die ander moet toe kyk hoe hul omgewing so vernietig word. Is dit nie oneerlik van God nie? Nee, God is nooit oneerlik nie. Ons moet die goeie en slegte as vanuit God se hand ontvang. ‘n Goeie voorbeeld is van Job. Hy was eers ‘n baie ryk man. Hy het alles gehad wat sy hart begeer het. Hy het nooit armoede geken nie. En dan ewe skielik ontneem God alles van hom. Tog was hy nooit kwaad vir God nie. Hy het aanvaar dat alles van God afkom. ***”Maar hy antwoord haar: Soos ‘n dwaas praat jy ! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie? By dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie.”*** - Job 2 : 10

‘n Ruk terug het daar in die *Rekord* (streekskoerant in Pretoria) ‘n aantal menings verskyn oor die baie reën in Gauteng. Tagtig

persent was glad nie gepla oor die baie reën nie. Maar daar was tog mense wat gesê het dat dit te veel was. Ons moet tevrede wees met wat God vir ons gee. Net so ook mag ons nie kla oor die baie veldbrande nie. Dit ook is deur God gestuur. Baie keer verstaan ons nie hoekom God dit doen nie. Maar God het met alles ‘n doel.

As ons in die Bybel kyk is daar ook baie voorbeelde waar God met vuur en water te werk gaan. Die sondvloed is ‘n goeie voorbeeld van hoe God met water die sondige wêreld straf. Feitlik alles word vernietig ***“Want kyk Ek bring ‘n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel te verdelg alle vlees waar ‘n lewensgees in is. Alles wat op die aarde is, sal wegsterwe” -*** Genesis 6:17. Net so word Sodom en Gomorra deur vuur en swael verwoes. ***“En die Here het swael en vuur oor Sodom en Gomorra laat reën van die Here uit die hemel, -*** Genesis 19:24. God gebruik ook die water tot voordeel van die volk. Byvoorbeeld by die deurtog deur die Skelfsee. God bring sy volk veilig deur, maar vernietig die Egiptiese leër.

As ons na vuur en water in die algemeen in die Bybel kyk sien ons dat vuur gewoonlik gebruik word om vernietigingswerk te doen. Baie mense en besittings word deur God vernietig omdat hulle teen die wil van God ingegaan het. Sien bv. Num. 26:10***. “ En die aarde het sy mond oop gemaak en hulle verslind, saam met Korag, toe die bende gesterf het deurdat die vuur die tweehonderd-en-vyftig man verteer het: en hulle het tot ‘n teken geword.”***

Water word weer gebruik om lewe te gee of aan te dui. Dit word baie keer simbolies gebruik. Sien bv. Jesaja 55:1 ***“O almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, koop en eet; ja kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk !”*** Daar word die water met die lewende Woord vergelyk. In Johannes 4 : 10 – 15 vergelyk Christus weer die water met die geloof. Maar daar kom ook ‘n belofte by. Want in vers 13 en 14 beloof God dat almal wat die lewende water drink nooit weer dors sal wees nie. Wat se groot belofte is dit nie vir ons nie!

Voel jy ook so?

RASSISME?

Jaco Haak

As ‘n mens die word rassisme hoor, dink ons dadelik ook aan die woord Apartheid. Apartheid (en rassisme) het tog niks met ons te doen nie? Ons voorvaders het drooggemaak. Dis jammer dat dit plaasgevind het, maar dit is mos nou verby?! Met die val van die apartheidsjare het rassisme mos ook verdwyn? Rassisme is iets van die verlede.
Nee. Die apartheidsjare mag verby wees en ons mag nou in ‘n “nuwe Suid-Afrika” lewe, maar rassisme, rassediskriminasie en selfs net ondertone daarvan leef vandag steeds voort.

Beweegredes
Daar is verskillende beweegredes wat ‘n rol speel in rassisme. Die oorwaardering van eie kultuur waar daarvan uitgegaan word dat dit die enigste toegangspoort tot beskawing, ontwikkeling en opvoeding is. Die aanname lei op sy beurt na die “roeping” om die eie kultuur op ander groepe oor te dra ten einde hulle te kultiveer en op te hef. “Kultuur” is dan nie noodwendig gelyk aan ras nie, maar in die praktyk is daar nouliks ‘n verskil.

Rassisme is ook die regverdiging van die meerderwaardigheid van die een rassegroep bo die ander op grond van biogenetiese faktore wat die (skynbare) norm gemaak word.
Christelike grimering word dan ook gebruik om dit te regverdig. En dit is tragies om te sien dat

die vrome skynheiligheid van moderne tempelfariseërs gewoonlik ontmasker word in die gesindhede en houdings wat teenoor mense van ‘n ander ras geopenbaar word.

Rassisme aanvaar nie die gelykwaardigheid van mense nie. Die hele mensdom word gesien as verskillende vlakke van ontwikkeling. Daar is dus groepe wat “van nature” hoër en beter en “van nature” laer en minderwaardig is. Die mense “bo” het dan die reg om die mense “onder” te onderwerp en te manipuleer.
Rassisme is eintlik ‘n selfgesentreerde ideologie (Denkwyse tipies vir ‘n groep of volk) wat die onveiligheid wat die groep voel, wegsteek. Die eenheid van die groep word deur die verskeidenheid nasies en rasse bedreig. Die instandhouding van hul eie en om weerbaar te wees, hul eenheid te beskerm word nou die ideaal. Verder is rassisme ook gewortel in die meekomende welvaart. Die meerderes kry alle voordele en regte en dit beteken dat hulle die welvaart smaak en as hul privaat eiendom beskou. Dit voed ook verder rassisme en rassediskriminasie.

Die Probleem
Wat rassediskriminasie met ondertone van ‘n rassistiese ideologie so ingewikkeld maak, is dat die ideologiese (Regering of politieke party) inset nie noodwendig duidelik herkenbaar of doelbewus aanvaar hoef te wees nie.
Idoeologiese besmetting veroorsaak heel dikwels ‘n “blinde vlek” by die besmette sodat hy nie self in staat is om sy besmetting raak te sien nie. Vandaar die gegewe dat mense in alle erns , opregtheid en selfs met eerlike heftigheid sal ontken dat daar ‘n verband tussen bepaalde diskriminerende praktyke en ‘n rasse ideologie bestaan, terwyl dit in feite wel die geval is.

Daar word daarvan uitgegaan dat swartes nie dieselfde skeppende vermoëns, intelligensie, verantwoordelikheidsin, deursettingsvermoë en ondernemingsgees as blankes het nie. Dit is in feite gegrond in die rasse ideologie terwyl dit as normale feit beskou word.

Dus is dit nie ‘n eenvoudige kwessie om iemand wat glo dat hy die goeie koring saai, te oortuig dat hy in werklikheid besig is om duiwelse onkruid in die nag te strooi nie.

Bybelse oogpunt
Sedert die vroegste dae van Christendom is die feit dat alle mense deur God na sy beeld geskape is, benadruk (Gen. 1:27). Dit is die basis van ons begrip van die gelykwaardigheid van alle mense. Tog is alle mense natuurlik nie gelyk nie. Almal het verskillende talente, gawes en posisies in die samelewing. Die mens se bestaan is nie ‘n prestasie van die mens nie, maar is aan almal deur God gegee en moet dus deur almal gedeel word op gelyke basis. Deur die sondeval wat ingetree het, het die mens (nie God) ongelykwaardigheid tussen mense teweeg gebring. Christus se verlossingswerk bevestig egter opnuut die gelykheid. Duidelike verskille tussen mense verwyder nie die fundamentele gelykheid nie. Omdat die mens sy bestaan te danke het aan God, is ons nie net gelykwaardig in prinsipe nie maar ook gelyk in waardigheid. God skenk waardigheid aan die mens onder andere deur hom/haar as die kroon van die skepping aan te stel om die skepping te beheer, te onderhou en te bewaar (Gen. 1:28). Die waardigheid wat die mens het is dus nie te danke aan homself nie, maar te danke aan God wat dit vir hom skenk. Dit is die basis van menslike waardigheid en kan nie deur ander mense verontagsaam word nie.
Die gebod van naasteliefde (Matt. 22:37-40)is die riglyn in terme waarvan erns gemaak moet word met die gelykwaardigheid van alle mense. Dat ek aan die ander sal gee wat hom as beelddraer (selfs al is hy ‘n vervalle beelddraer) van God toekom, ongeag sy ras of kleur, en dat dit my van enigiets sal weerhou wat hom in sy waardigheid as mens krenk.
Gelykwaardigheid beteken nie dat almal dieselfde is nie. God het diverse mense geskep wat soos lede van ‘n liggaam (1 Kor. 12:14-31) saam ‘n eenheid vorm.

Slot
Dit is duidelik dat rassisme van die bose is, maar is ons almal heeltemal vry van die euwel of is daar ook ‘n “blinde vlek” by ons aanwesig, hoe klein ook al? Laat ons ons naaste as beelddraers

van God die nodige respek en liefde toon.
Die Christen kan die voortbestaan van die Afrikaner nie as ‘n doel opsigself beskou nie. Hy kan dit hoogstens as ‘n voorwaarde beskou vir die vestiging van ‘n lewensorde waar geregtigheid woon en waarin Christelike beskawingsnorme gehandhaaf sal bly. Wie van blote voortbestaan ‘n absolute en finale waarde maak, is op ‘n gevaarlike weg. So iemand loop die gevaar dat hy enige middel, regverdig of onregverdig, moreel of immoreel, sal aanwend om sy posisie te verseker. En so ‘n benadering kan slegs een uiteinde hê: geweld, stryd en konfrontasie.

FLIEK MET VERANTWOORDELIKHEID

Annet Lubbinge

Daar is ‘n artikel met drie reaksies daarop, oor hierdie onderwerp wat in die *Kompas* verskyn het (Sept. en Okt. '94 en Feb. '95). Al vier artikels is geskryf deur ouer mense wat hul menings oor die jeug se fliekgewoontes lug. Is hulle reg of nie?

Ek haal graag sekere gedeeltes aan:
"Kies jou fliek" Junie '94 (verkort)
"Daar is verskillende groepe onder ons. Party gaan fliek gereeld en voel nie skaam daaroor nie, maar hulle gewete is te swak ontwikkel en voel nie sleg as hulle getuie is van sekstonele en geweld nie. Hoe reageer hulle op Fil. 4:8: *Julle moet konsentreer op die dinge wat waar en ordentlik, reg en skoon, mooi en eerbaar is. Julle moet die goeie dinge raaksien wat daar in ander mense is en oplet waarvoor julle God alles kan prys. (vertaling: Die Boek)*
Wat as jy gereeld deur mense saamgevra word en nie nee sê nie omdat jy bang is om alleen te staan of - uit te wees? Vir hierdie mense wil ek sê: As jy twyfel, doen dit dan liewer nie. Dit is beter om jou gedagtes suiwer te hou as wat jy na die tyd skuldgevoelens het. En ‘n mens onthou altyd die slegte beelde, dit kan jou begeerte op die verkeerde manier aanjaag. Elke mens weet wat dit is om verlei te word, of kan die gereelde fliekganger dit nie meer onderskei nie?

As jy twyfel, doen dit dan liewer nie. Dit is beter om jou gedagtes suiwer te hou as wat jy na die tyd skuldgevoelens het.

Hoe om te toets?
Ons kan nie sommer enige fliek kyk nie. Ons moet bewustelik kies. Ons kan resensies oor die fliek lees. 'n Ander maatsaf is: Sal jy jou ouers met vrymoedigheid kan saamneem sodat hulle kan sien wat hulle kind kyk? Maar die heel belangrikste maatstaf is gebed. Na gebed en intensiewe Bybelstudie sal die begeerte om dinge te sien wat teen God se wil is afneem en verdwyn."

Nog 'n voorstel is dat daar 'n houer met videos in die Mediateek geplaas moet word wat ons met vrymoedigheid kan kyk. (Wat dink julle daarvan?)

Ek haal graag nog dele aan uit reaksies op hierdie artikel:
"Eintlik praat ons maar min oor die verskille in ons lewenswandel. Dit is jammer. Waarom is ons so min eensgesind wanneer dit allerhande dinge van ons daaglikse doen en late aangaan? Ons aanvaar te maklik dat daar verskille is. Doen ons nog moeite om mekaar se standpunte te begryp en tot 'n eenstemmige standpunt te kom?"

"Om daarin saam as broers en susters die regte pad te vind is kommunikasie baie belangrik. God se Woord is die norm vir almal. Ons keuse vir of teen mag nooit afhang van ons gewete nie, die een se gewete is swakker as die ander s'n. Deur saam te buig oor God se Woord en Wil sal ons mekaar ook opbou, aanspoor, versterk en help. Dit is die ware gemeenskap van die Heiliges. Daarom sal sekere mense dinge moet nalaat al dink hy dat dit met sy gewete kan rym. Ons lewe nie vir onsself nie. Eerstens vir God en ook vir ons naaste - jou broer of suster in die geloof."

Ek hoop dat julle gedagtes bietjie aan die gang gesit is deur hierdie paar aanhalings. (Indien julle nog die Kompasse het, lees dit gerus alles) Ons lewe dikwels so individualisties en elkeen doen wat hy dink reg is. Moet ons nie meer krities na mekaar se lewe kyk en mekaar in liefde vermaan nie? Dit is tog hoekom ons daar is vir mekaar!? (Lees ook "Om te fliek of nie te fliek nie…", *Olielamp* Jan/Feb 2000)

As julle reaksies het (hoe kort ook al) skryf dit neer en gee dit vir my, dan kan ons alles saamgooi in een artikel. Of as jy self 'n artikel wil skryf sal dit nog meer verwelkom word.

Geskryf n.a.v. 'n artikel in *Kompas* (Junie '94) KIES JOU FLIEK deur E A de Visser.

"EN BEDROEF DIE HEILIGE GEES NIE…" EF 4:30

Hein Smit

Sondagoggend – Die bedlakens klou nog styf aan jou vas. Die wekker probeer vir die vyfde keer verwoed om jou uit die kooi te jaag. In die gang weerklink Fanie Smit se stem vir die volgende afkondiging vir RSG se "Loof die Here". Die Stellenbosche kinderkoor begin volgende met die aanhef van Skrifberyming 14: 2 " 'k gee my **Heilige G_es** aan julle…"

Doopdiens in die kerk – Ek vergaap my aan die vreemde naam waarmee die ouers hul pasgebore kind straf, terwyl dominee sy sëenbede tydens die doop uitspreek: "Ek doop jou in die naam van die Vader en van die Seun en van die **Heilig_ G_es**." Die geloofsbelydenis word staande gesing alvorens die kollekte opgeneem word. Die gemeente sing : "Wat ontvang is van die **Heil_g_ G_es**, gebore uit die maagd Maria…" , terwyl ek met moeite my laaste paar sente bymekaar krap. Laastens kom die sëenbede van die kansel af met die woorde: "… en mag die **Heil_g_ G__s** julle lei…" en weereens is my aandag elders terwyl ek haastig vir myself 'n pad probeer baan om eerste by die kerk uit te kom.

Maandagoggend – Vinning moet daar nog 'n paar laaste aksies plaasvind voordat die werksdag offisieël begin. Die Bybel word nader getrek en vir gemaklikheidshalwe word Psalm 51 gekies vir die betrokke leesstuk vir die dag. Vers 13 lui: " Neem U **He_l_g_ G__s** nie weg van my nie." Tydens die roetinegebed word die krag en leiding van die Heilige Gees onbewustelik gevra.

Dinsdagaand – Bybelstudievereniging – Weereens vergeet om voorstudie te doen oor die uitstorting van die **H__l_g_ G__s** wat bespreek word in Handelinge 2. Lees vinnig die betrokke gedeelte in die Bybel terwyl die inleiding oor die uitstorting van die **___l_g_ G__s** voorgelees word.

Woensdagaand – Katkisasie – Vraag en antwoord 21 wat handel oor: " Wat is 'n ware geloof?" is aan die beurt. Vandag is dit weer my voorreg om die vraag en antwoord voor te dra. Ek kan nog dominee se gefrustreerde gesigsuitdrukking sien toe hy my vir die derde keer moes uithelp met: " …wat die **___l_g_ ___s** deur die evangelie in my hart werk."

Donderdagaand – Gemeentevergadering – "n Vurige diskussie volg nadat die inleiding oor evangelisasie aan die gemeente voorgedra is. Die meeste kerklidmate reken dat ons nie die gawes en talente het vir deur-tot-deur-evangelisasie nie. 'n Ouderling word heel skepties aangekyk toe hy 'n opmerking maak dat ons nie die krag van die **_____g_ ___s** moet onderskat nie.

Vrydagaand – Drop Zone – Hatfield – Nommer 3 van Top 10 op Radio 5 bulder oor die luidsprekers. Die mense stap styf-styf teen mekaar verby om by die dansvloer uit te kom. 'n Suinig beklede dame agter die toonbank help jou met die bestelling van 5 biere. Die atmosfeer is oorweldigend. Waar is die _____ ____ nou?

Kan ons onsself in hierdie situasies van ons daaglikse lewe inprent? Die gejaagdheid wat min of geen ruimte laat vir die uitlewing van ons geloof nie? Word ons somtyds onkant betrap

tydens ‘n materiële winsbejag? Is die boodskap in Ef. 4: 30 nie duidelik genoeg nie? Ons moet waaksaam wees en op pas veral as iemand die waarskuwingsklokke begin lui soos Stefanus met die Joodse Raad in Hand. 7:51 : “Julle ardnekkiges en onbesnedenes van hart, julle weerstaan altyd die **Heilige Gees**; net soos julle vaders, so ook julle.” Blus die **Heilige Gees** nie uit nie!

Rehobot

Gen 26:22 : “ Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak”

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Dis weer Februariemaand en oor ‘n week of wat is dit Valentynsdag. Daar is ‘n effense sinisme onder die Kaapse jeug wat die dag betref. Op die oomblik is daar meer gebroke harte as heles onder ons. Daar is die positiewes soos Ewart wat maar te bly is dat dit skrikkeljaar is. Nou hoef hy niks te doen nie. Theo sê hy is sooo gelukkig en hy het nie eers ‘n meisie nie. Miskien is dit goed om soos Erik voorstel ‘n jaar “af te vat” om van jou wonde te genees.

Dan is daar die wat hulle nie veel aan alles steur nie. Frank wil oral waar hy kom weet of iemand e-pos het en maak sommer gebruik daarvan ook. Hy ken al die tariewe – as iemand raad nodig het, vra hom. Carina kry glo gereeld langafstandoproepe. Nie net lank in afstand nie, maar ook lank van duur. Carien het ‘n waatlemoen met ‘n boodskap op uitgekerf present gekry van ‘n Gautenger. (Hier is waatlemoene in die Kaap ook, Hein. En ons skryf op papier hier.) Carien hou daarvan so.



Na ‘n uiters suksesvolle kongres in Amsterdam en die lekker saamkuier daarna, social die Kapenaars nog ter nagedagtenis voort. Wie wil in elk geval van die nagmars, die kongresete en Kongres FM vergeet? As iemand nou nog nie dankie gesê het nie: DANKIE Pretoria! Dit was ‘n kongres om te onthou. Die klomp wat agtergebly het, het ook nie stilgesit nie. Daar is baie oor en weer gekuier. Veral toe Hans en Oros hulle opwagting gemaak het. Verder was daar ook nog ‘n aand van Pictionary by Scheltens waar Christine ‘n nuwe dimensie aan die betekenis van die woord “boudjies” (die gereedskapstukkies) gegee het. Margreet verstaan die prentjie nou nog nie.

Die laaste Kapenaar was skaars terug uit Gauteng (Maartje: 16 Januarie eers!) of almal besluit om Sondagaand na die diens koffiedrinke by Clifton-strand te hou. Ons MOES net weer die see sien. Met kerse, koeldrank en peanuts was dit die perfekte aand. Axel, ons nuwe jeuglid, se kombi het handig te pas gekom. Hulle het nou wel net ‘n bietjie later as die res daar aangekom… maar



eerder laat as nooit. Hoe meer haas hoe minder spoed. Axel, baie welkom in ons midde. Ons hoop jy sal baie gelukkig wees tussen ons klomp en gou jou plek vind.

Gisteraand het ons ‘n braai by Christine van der Linden gehou. Dit het goed afgeskop met Frank agter die kole, REM op die CD speler en die res agter (of is dit voor?) die krieket. Toe in die helfte van die aand REM nog steeds speel, het Theo kapsie gemaak. Hy is dadelik as DJ aangestel. Oor Frank en die krieket het niemand gekla nie. Ons het darem vir Frank gesing om dankie te sê vir die braai van die vleis tydens die krieket. Jaco is egter gerol oor sy ongewensde onpatriotiese opmerkings tydens die wedstryd. Daar moet bygevoeg word dat dit ses ouens geneem het om Jaco plat te trek.



Ons is nie net op sosiale gebied weer aan die gang nie, JV het ook al weer begin. Ons het vanjaar vyf nuwe lede nl. Annamarie, Hermie, Hester, Chrisjan en Frans. Baie welkom, julle. Gooi maar al julle gewig in waar moontlik. Geniet die JV en leer. Ek hoop dat dit vir julle en ons almal saam ‘n verrykende jaar sal wees. Ons is die Here dankbaar dat Hy almal weer veilig by die huis gebring het na ‘n lang vakansie en dat daar ‘n nuwe JV jaar kon begin. En na ‘n goeie kongres is ons ook weer toegerus om die millenium as kinders van God aan te pak.

BAGATEL

Daar is min dinge wat so tydrowend is as om die laai van jou lessenaar reg te pak. Met die meeste van die dinge wat daarin rondslinger is dit maklik, jy los dit net daar, want dit hoort mos daar.

Maar onvermydelik staan daar in die laai so ’n bakkie met goeters waarmee jy so vinnig nie raad het nie.
So ’n bakkie van… “sit maar solank daarin, ek sal dit later uitsoek.”

Wee die dag wat jy besluit om daardie uitsoek te begin

uitsorteer…my nasie wat ‘n frustrasie! Want sien, wat nou moet gebeur is om te selekteer, jou af te vra hoekom jy die of daardie prul bewaar het. Die maklikste oplossing is om al daardie prullaria te klassifiseer in groepe van belangrikheid, bruikbaarheid, moontlike bruikbaarheid en wegsmytbaarheid. Oor hierdie seleksieproses het een of ander Engelsman al ‘n baie vergesogte teorie ontwikkel wat hy die proses van natuurlike seleksie noem. Moontlik het by die oplettende leser al ‘n liggie begin brand, want in ons geledere is daar nogal heelwat verskil van mening oor hierdie teorie.

Maar nou ja, laat ons sake nou nie verder uit verband ruk nie, ek noem dit die proses van natuurlike klassifikasie. Sonder twyfel ‘n proses deur ‘n Nederlander ontwikkel.

1. Dinge wat jy moontlik eendag nog sal kan gebruik

2. Dinge waarvan jy nooit gebruik sal maak nie maar miskien vir iemand anders in die gesin van onskatbare waarde is.

3. Dinge wat jy nie herken nie maar wat eendag handig te pas sal kom.

4. Dinge wat duidelik nie daar hoort nie.

5. Dinge wat jy laasweek nodig gehad en

waarvoor jy jou disnis gesoek het.

6. Dinge waarmee jy nie raad weet nie en wat dus maar daar in die bakkie kan bly.

7. Goeters vir die kerkbasaar se "grabbelton"

Met 'n ligte gevoel van onbehaaglikheid begin ek met die sorteerproses.
Hier het ek nou twee perfekte helftes van 'n potdeksel. Die ding het soos 'n wafferse diamant pragtig middeldeur gebars. Weggooi is natuurlik buite die kwessie want of eendag stuur ons die ding na Nederland as voorbeeld om 'n nuwe een te koop of as die ding dan nie meer beskikbaar is nie, kan ek hom nog altyd met 'n bietjie *superglue* plak.

Maar onder watter groep moet ek hierdie klassifiseer? Groep 1 lyk baie aantreklik maar ook in groep 4 sal dit nie onvanpas wees nie. Kom ons hak die "knoop" deur, een helfte in groep 1 ander helfte in groep 4.

Wat van 'n half-gebrande verjaarsdagkoekkersie. Julle ken mos die goed, so 'n gedraaide geval wat jy na die uitblaas uit die koek mag trek en mag aflek. Hierdie een is al half opgebrand en gewoonlik brand so 'n kersie maar baie kort, so hoe baie keer die ding al afgelek is, is enig-iemand se raaiskoot. Die kerkbasaar se grabbelton is 'n bietjie al te mal, dus maar groep 7, terug in die bakkie!

Wat maak 'n mens nou met twee "20 waardepunten bonnen" uitgeknip uit die verpakking van *Douwe Egberts* koffie. Ek weet my ma het destyds silwer teelepeltjies daarmee verdien en selfs 'n koffiemeule, maar wat maak ons daarmee? Ek twyfel of Nederlanders nog die bonne spaar. Daar word in elk geval nog maar baie min gespaar in Nederland, hulle het mos nou oorgegaan na die weggooimaatskappy. Selfs pragtige bankstelletjes staan nou by die grofvuil. Nee wat die tyd van Douwe Egberts waardepunte is verby, groep 5 dus maar weer.
Verder kry ons verskillende vorme en kleure tertspuite ,'n klein magneetjie met krammetjies, skroefies en skuifspelde daaraan vasgeplak, 'n uitgedrukte pypie blitsgom wat sy blits lankal verloor het, 'n plastiek sakkie met onbekende inhoud met 'n DE nommer op (seker iets bymekaargespaar met die bekende waardepunte)

Dan is daar nog die afgebreekte oortjie van 'n koffiekoppie (die moes seker eendag geplak gewees het) genoeg koppies waar ore aan gesit kan word maar die bypassende een het seker gebreek….jammer, dit moes 'n mooi koppie gewees het want dis rêrig 'n oulike oortjie.
Dis eintlik verbasend hoeveel dinge daar in so 'n klein bakkie gaan; vyf verskillende soorte en mate gordynhake, maklik groep 1 natuurlik.
Na so 'n halfuur sit ek met my lessenaarblad vol met hopies hake, knope, goeters en dinge. Ligtelik gefrustreer aanskou ek my teorie in die praktyk. Ek het hier by 'n katastrofe uitgekom gaan dit deur my gedagtes.

Met 'n ferm swaai boender ek die gedoente bymekaar, hou die bakkie onderkant my lessenaarblad en versamel alles netjies op die regte plek.

T Wente

WATTER RIGTINGS SLAAN ONS EERSTEJAARS IN?

Ons het vir die 8 Matriekulante van 1999 gevra wat hulle almal hierdie jaar gaan aanpak.



Lieneke Eefting

Studierigting:	Media
Tersiêre Inrigting:	Boston City Campus (Kaapstad)
Duur van studie:	3 jaar
Wat behels die studierigting:	Dit dek omtrent alles wat betrekking het op media, bv. advertensies, joernalistiek, radio en video uitsaai.

Ewart Antonides

Studierigting:	BA Ontwikkeling en Omgewing
Tersiêre Inrigting:	Universiteit van Stellenbosch
Duur van studie:	3 jaar
Wat behels die studierigting:	Stads- en Streeksbeplanning, Toerisme Bestuur, Ontwikkeling en sulke goeters.

Sandra Scheltens

Studierigting:	BA Taal en Kultuur
Tersiêre Inrigting:	Universiteit van Stellenbosch
Duur van studie:	3 jaar + 4de jaar in Joernalistiek
Wat behels die studierigting:	Om Afrikaans in al sy dieptes en fasette te leer ken (opwindend!). Om as joernalis opgelei te word. En om Afrikaans vloeiend te leer praat!! Asook Engels, Duits en Frans.

Jan-Maarten Raimond

Studierigting:	Inligtingstegnologie
Tersiêre Inrigting:	Kaapse Technikon
Duur van studie:	3 jaar
Wat behels die studierigting:	Leer van rekenaars en word slimmer.

Corrien Geleijnse

Studierigting:	Wingerd- en Wynkunde / Keldertegnologie
Tersiêre Inrigting:	Elsenburg Landbou Kollege
Duur van studie:	2 jaar. Slegs 15 mense word gekeur volgens hul akademiese prestasie vir die 3de jaar. (Graad = 8 jaar)
Wat behels die studierigting:	Drankvoorsiening aan die VGKSA. Nee, ernstig nou, die maak van wyn – na 3 jaar weet jy alles daaromtrent.

Antoinette Raimond

Studierigting:	Landskapstegnologie
Tersiêre Inrigting:	Kaapse Technikon
Duur van studie:	3 jaar vir Nasionale Diploma
Wat behels die studierigting:	Die ontwerp, bou en onderhou van landskaplike ruimtes.

Jaco Haak

Studierigting:	Bedryfsingenieur
Tersiêre Inrigting:	Universiteit van Stellenbosch
Duur van studie:	4 jaar
Wat behels die studierigting:	Aanvanklik is dit elektroniese ingenieur. Dit word dan op gemeenskap of in maatskappy toegepas.

Ons kon ongelukkig nie vir Arjan van der Lugt in die hande kry vir ‘n weergawe van sy studierigting nie, maar het by betroubare bronne verneem dat hy Aktuarieël gaan studeer op Stellenbosch vir ‘n hele paar jaar.

BAIE STERKTE AAN HIERDIE EERSTE JAAR STUDENTE!

BOEKRESENSIE:

"QUEEN OF THE REFORMATION" - CHARLES LUDWIG

Annet Lubbinge

Ook beskikbaar in Nederlands: "Katie von Bora"

Iets oor die skrywer:
Charles Ludwig het opgegroei op die sendingveld in Kenia. Hy is nou self 'n predikant en het al oral oor Europa en baie ander lande gepreek. Hy skryf historiese romans wat van indrukwekkende skryftalent en ondervinding getuig. Hy het alreeds 40 boeke die lig laat sien waarvan baie al voorgelees of opgevoer is oor wêreldwye radio.

Oor die boek:
"Katie bekyk die wêreld om haar deur 'n klein kloostervenstertjie. Dis waar haar familie haar gelos het, alleen en sonder liefde. Baie nagte huil sy haarself aan die slaap, opgekrul in die sel. Diep in haar wens sy sy kan iets beteken vir iets of iemand en begin al hoe meer vertroue kry dat dit dalk tog kan gebeur."
Lees self verder hoe sy uit die klooster ontsnap en met Martin Luther trou. Beleef so hul mooi, maar meestal ook moeilike lewe saam.
Alhoewel dit soms dalk bietjie oorgeromantiseerd is, is dit 'n boek met akkurate geskiedkundige feite en detail met al die elemente van goeie fiksie. Tragedie, humor en spanning saam met karakterontwikkeling en geestelike insig oor 'n belangrike vrou uit die kerkgeskiedenis, is dit 'n goeie en lekker manier om die geskiedenis te leer ken.

Beskikbaar in die Mediateek - VGK Pretoria.

Lekker lees tot volgende keer.

TUIN

Louis Eksteen

Ek lag my ‘n roos
wat ooptrek in die dou.
Ek rol my op: ek duisendpoot
wiel-wiel in die paadjie af:
hopla oor ‘n klip
hiepla! deur ‘n knik –
ek trek my regop, langdun uit:
erdwurm natterig deur die grond
ug-ug die duister deur
waar kom ek uit?
Ek kom nie uit,
‘n deel bly in die grond, nederig,
en ek helfte-helfte nou as mier
dan as spinnekop
dan as gogga-dit en gogga-dat
en ek bêre my so dan en wan
in die miklyf van ‘n nagmuskiet.

Ons begin hierdie jaar met ‘n baie vrolike gedig. Dis interessant hoe die digter begin met ‘n blom en dan direk oorslaan na diertjies wat verder in die gedig beskryf word. Die duisendpoot en erdwurm se lewenstyl word die meeste beskryf.

Uit die hierdie gedig kan ‘n mens leer dat die lewe nie altyd ‘n maklike en reguit pad is nie. Daar sal altyd versperrings wees. Tog mag ons die lewe elke dag voluit geniet, terwyl ons steeds nederig moet bly.

Groete!
Karina

VERJAARSDAE

Bethal

Alet van der Merwe	9 Apr
Ryno Fletcher	12 Apr
Nicolene Fletcher	26 Apr

Johannesburg

Jan Reyneke	16 Mrt
Wolter Bijker	20 Mrt
Johan van Lith	22 Mrt
Riaan Bekker	28 Mrt
Guido Kuyvenhoven	9 Apr

Kaapstad

Corrien Geleijnse	1 Mrt
Geerarda van der Vinne	3 Mrt
Frans Douma	21 Mrt
Maarten Raimond	21 Mrt
Frank Douma	30 Mrt
Maaike Raimond	8 Apr
Maartje Eefting	19 Apr

Maranata

Bertha de Jager	3 Mrt
Jennie Kampman	11 Mrt
Jean-Paul van den Bout	12 Mrt
Gerda Aartsma	24 Mrt
Marinus de Jager	31 Mrt
Hermien Bijker	15 Apr
Irma Boon	20 Apr
Johannes de Vries	20 Apr
Gerda de Vries	21 Apr
Jessica Kampman	21 Apr
Herman de Jager	25 Apr
Janneke de Vries	30 Apr

Pretoria

Ineke Roose	2 Mrt
Marjanie Roose	2 Mrt
Jaco de Wet	13 Mrt
Jan Lubbinge	13 Mrt
Annemarie Lubbinge	15 Mrt
Annelieke de Vries	21 Mrt
Kornelis Miske	21 Mrt
Hilbert van den Bout	25 Mrt
Albert van der Poel	26 Mrt
Gerrit Kamphuis	7 Apr
Anita Zielman	9 Apr
Jan van de Weide	10 Apr
Erika Ros	19 Apr
Karina Smit	25 Apr
Nicolas Kleyn	26 Apr